27 Januarie 2024

## MEDIAVERKLARING:

## RASTA KENOSI – BORG AANSOEK SUKSESVOL!

Agri NW het pas verneem dat Rasta Kenosi se borg aansoek gister, 26 Januarie 2024, suksesvol was.

Hy is borg toegestaan van R5000 op elke saak van opsetlike saakbeskadiging. Hy moet dit, asook borgtog wat toegestaan is op poging tot moord, betaal om vrygelaat te kan word.

Hy verskyn op 8 Februarie 2024 weer in die hof vir die poging tot moord sake. 11 Februarie 2024 vir opsetlike saakbeskadiging en 23 Februarie 2024 vir veediefstal. Sy borg voorwaardes bepaal dat hy elke Maandag en Vrydag by Morokweng polisie stasie moet aanmeld en nie die spesifieke distrik sonder toestemming mag verlaat nie.

Dankie aan almal wat Agri NW hierin ondersteun. Ons maak staat daarop dat die ondersoeke goed gedoen sal word, reg gedokumenteer sal wees en die dossiere volledig beskikbaar sal wees sodat die Vervolgingsgesag goeie werk sal kan doen!

**Navrae:**

Boeta du Toit
**Uitvoerende Hoofbestuurder, Agri NW**
**082 388 1722**

Naudé Pienaar
**Adjunk-Hoofbestuurder, Agri NW**
**082 776 8283**

Sarel Pretorius
**Voorsitter: Landelike Veiligheid, Agri NW**
**082 375 4197**